HOËRSKOOL UPINGTON

...sedert 1896

Die Begin

1896 het geboorte gegee aan "Upington Public School"; 'n paar klaskamers vir 102 leerlinge ingerig in die ou kerkgebou van die NG Kerk. Groei het uitbreidings genoodsaak en op 8 Mei 1904 is 'n nuwe skoolgebou in gebruik geneem. Twee jaar later word leerlinge se akkommodasiebehoefte aangespreek d.m.v 'n addisionele kamer by die nuwe gebou.

Die eerste skoolhoof (Mnr De Villiers) is per poskoets na Upington gebring. In 1911 is 'n pos vir 'n nuwe onderwyser geadverteer met die volgende vereistes: Indien dit 'n manspersoon was, sou Houtwerk 'n sterk aanbeveling wees en Naaldwerk en Musiek vir 'n dame. Kennis van Hollands en Engels was 'n vereiste en verder moes die kandidaat ondervinding hê en ook dissipline kon handhaaf. Kandidate met 'n matrikulasiesertifikaat sou voorkeur kry!

'n Nuwe skool word in 1919 gebou en van daar af het gereelde uitbreidings en aanbouings gevolg.

Teen 1933 was dit feitlik die grootste skool in Kaapland en planne vir 'n skoolsaal is opgestel nadat die Departement se aandag op die warm somers en koue winters gevestig is! In 1935 is die plaaslike bioskoopsaal as "klaskamer" bygehuur om die groeiende leerlingtal te akkommodeer.

Uppies se tradisie van luisterryke funksies kom ook van ver: Van een van die hoofde, Mnr Lambrechts, is in 1927 afskeid geneem toe hy 'n inspekteurspos aanvaar het met 'n geselligheid waarna die Munisipaliteit sowel as die Afdelingsraad genooi is en in1962 word daar bv. van mnr RA Jansen in die Oranje Hotel afskeid geneem

'n Houtwerkkamer en laboratorium volg, die skoolgebou word 'n dubbelverdieping en 'n nuwe skoolsaal word op 26 Maart 1958 deur Dr. Gerhard Beukes ingewy. 'n Wapenkamer word gebou, tennis- en netbalbane verskuif, 9 klaskamers word tot 34 en 4 laboratoriums uitgebrei.

Die eerste koshuis word in April 1914 geopen, maar doen eers tydelik diens as hospitaal ten tye van die Eerste Wêreldoorlog. Voordat 'n koshuis vir seuns in 1945 voltooi is, is seuns in die skoolsaal gehuisves.

Die eerste Matrikulasie-eksamen is in 1923 afgeneem. Daar was geen vakkeuse nie en almal het Afrikaans, Engels, Latyn, Geskiedenis, Fisika en Chemie geneem. Die eerste Senior Sertifikaat-eksamen is in 1924 afgeneem en 4 kandidate het dit geslaag. Landbou-onderwys het in 1924 op die tafel gekom en 'n afvaardiging het die steun van die Eerste Minister, Genl Hertzog, en die Minister van Landbou, Mnr Fourie, verkry. Handelsvakke is ingevoer, 'n Houtwerkonderwyser is aangestel en na 'n ernstige pleitdooi is Tikskrif as vak goedgekeur.

Die skool het van die begin af sy probleme op kreatiewe wyses opgelos – soos die tekort van £31 op die skoolfondsrekening wat na baie kopkrap en 'n skoolbasaar na 'n batige saldo verander is. Opgeleide onderwysers was 'n probleem en salarisse het veel te wense oorgelaat. Die probleem is aangespreek toe toestemming in Januarie 1905 aan die skoolhoof, Mnr De Villiers toegestaan is om 'n bykomende pos as Sekretaris by die Upington Waterwerke te aanvaar.

Ook die leerlinge het bygedra tot die vele sorge van die Skoolkomitee en is in Sept 1911 daaroor betig dat die plek op die skoolterrein waar hulle hulle donkies"parkeer" het, nie sindelik en netjies gehou word nie!

In 1939 het die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek en moes die hoof as gevolg van die "Wêreldtoestand" op 8 September aankondig dat die dra en vertoon van enige vlaggies en tekens op die skoolterrein ten strengste belet sou word.

Die eerste skooltoer is in 1951 aangebied toe 50 leerlinge en 4 leerkragte per spoor en skip na Durban gereis het.

Gedurende 1983 oorhandig Hertzogpryswenner, prof Gerhard Beukes, sy boekery en sy droom om 'n kultuursentrum rondom hierdie literêre skat te ontwikkel, aan sy Alma Mater. Die vertrek waarin hierdie geestesskat sedertdien gehuisves is, is onlangs omskep tot die skool se "kultuurhart" waar boekbesprekings, voorlesings en kamerkonserte by kaggelvuur geskied.

Ander onlangse toevoegings is 'n toerismesentrum, wiskundesentrum en terapeutiese lokaal op die terrein. Drie rugbyvelde en 'n gras-hokkieveld is aangebring. Spreiligte by die sportgronde maak "aandsport" nou 'n realiteit. Die skool se voorkoms geniet baie aandag en nuwe tuine is aangelê. Nog 'n bron van trots is die nuwe Rugby Spankamer– 'n heiligdom slegs beskore vir die Uppies Eerste Rugbyspan.

'n Klubhuis met sy eie kosbare rugbymemento's is nie net vir leerlinge en ouers aangebou nie, maar veral om aan oudleerlinge 'n plek te bied waar hul kan saamkuier en sê: "Dis lekker om weer tuis te wees".

Waardes

Die waardes wat vandag nog nagestreef word, word baie jare gelede al op verskillende geleenthede deur Herzogpryswenner, prof Gerhard Beukes saamgevat:

By die oorhandiging van die skoollied in 1962: "Vir my was die skryf van hierdie skoollied vir my Alma Mater veel meer as net nog 'n skoollied wat op musiek 'gemaak' word; Dit het die beliggaming geword van al my hunkering terug na my land en my kinderdae, van my diepste begeerte dat die kinders van my ou skool steeds onder sy dak sal vind wat ek daar gevind het: geloof, werksywer, moed, volharding - en die liefde vir alles wat skoon en eerlik en opreg is! En om al dié waardes wat ek as kind daar gekry het, skenk ek met groot dankbaarheid aan my ou Alma Mater hierdie skoollied. Ontvang dit in dieselfde gees"....

Vir die reunieblad in 1974: "Ek groet my Alma Mater",.. "Ek weet nou dat 'n mens jou nooit kan losmaak van omgewings- en persoonsinvloede uit jou jeug nie. En hy wat in sy ryper jare daardie wortels wil afkap wat hom deur die jare gevoed het, wortels wat aan hom die waardes gebring het wat koers en betekenis aan sy latere lewe gegee het, is dwaas en kortsigtig. Ons sê vandag dankie aan opvoeders wat met vol hande gesaai het – selfs waar die vooruitsigte op 'n oes soms maar skraal gelyk het. Ons sê dankie vir hul geloof in die goeie van elke kind, vir die besef dat die hoogste doel in ons menswees nie die versameling van stoflike rykdomme is nie, maar die uitbou van karakter deur middel van 'n gedissiplineerde gees".

Arbor Bona, Fructum Bonum - 'n Goeie Boom dra Goeie Vrugte

Dat Hoërskool Upington se eeue-lange reputasie vir uitmuntendheid uitgebou moet word, is 'n hart-saak. Dit is 'n passie om toe te sien dat hierdie skool voortgaan om produkte te kweek wat ligte in die wêreld daarbuite gaan aanskakel.

WebAteljee 054 332 1560